Oase in die krakende Karoo

Op Philippolis in die Suid-Vrystaat staan Die Groenhuis, 'n gastehuis wat selfs Hollanders en Dene aan't swymel het van lekkerte, skryf Jens Friis.

Op die SAUK-gebou in Aucklandpark is kort voor die einde van die Apartheidsera gespreiverf: "God weet, só kan dit nie aangaan nie (Heskiël 3 vers 7)." Van dié Bybelboek het ek nog nie voorheen gehoor nie, maar soortgelyke gedagtes het wel by my opgekom toe my ouers onlangs 'n huis gerestoureer en omgeskep het tot herberg.

Met die restourasie van Die Groenhuis op Philippolis het ons baie keer gedink dit sou darem veel makliker wees om 'n nuwe plek te bou. 'n Sorgsame restourasieprojek kos geld, tyd, kundigheid en hope geduld. Des te meer as 'n huis vir bykans 40 jaar as pakhuis gebruik is en daar nie eens lopende water of elektrisiteit was nie. Die eindproduk is egter beloning genoeg vir die swoeg. Soos my ma, Naómi, sê: "'n Nuwe huis sou nooit dieselfde karakter kon hê nie. Dis asof die huis met sy warm atmosfeer bly is om ná al die jare weer gebruik te word."

Die oorspronklike houtvloere, plafonne en -vensters is sover moontlik behou. Vanweë al die hout voel die huis verstommend warm. Met die opknap van die houtplafon is afgekom op bladsye uit 'n 1940-Huisgenoot. Dit het gedien as isolasiemateriaal.

Die Groenhuis wil nie voorgee om die Amerikaanse Withuis te wees nie ("hoewel die motors wat gereeld hier intrek tot agt keer meer werd is as die huis self"). Al die noodsaaklikhede is egter hier waaronder binneveermatrasse, kraakvars linne, en keurige etes. Winters word die Karoo se bibberweer weggeweer met elektriese komberse tot springbokboud en groentesop.

Dit wat die huis bied, is oorgenoeg, geoordeel aan die besoekersboek.

So skryf 'n Amsterdammer: "Aangenaam verrast! Jij hoort de stilte. Jij siet de schoonheid. En jij voelt de warmte van die mensen. Bedank voor alle goede sorgen. Een aangename pauze tussen de drukte van twee steden. Wat 'n rust!"

Vir 'n Deen is dit die lieflike ruim storte wat haar bybly. "Dubbel die grootte, dubbel die plesier," skryf sy.

Die Groenhuis (genoem na sy oorspronklike verfkleur) is op die rand van die dorp en herinner aan 'n plaas. Op omringende erwe is springbokke van George de Vos, saalperde van Johan Lambrechts, 'n vetplanttuin van die Funcks en Kafee Khooa wat perdekarritte bied. Dit is nou buiten die beeste van Tiekie Pienaar, die poue van die Friise self en 'n voetpaadjie wat na 'n historiese kruithuisie lei.

In die tuin groei die kikoejoe ruig en die bloureën welig. 'n Peer- en suurlemoenboom is dankbaar vir die water wat dit deesdae kry. Die leidam is sy khoi's kwyt nadat hulle reierkos geword het.

Somers wag daar sonryp perskes op die werf. Om by die gees van die huis te pas is outydse blomme soos rose en riete geplant.

Daartussen staan 'n lekker houtbank van waar jy op die krakende Karoo en klipkoppies kan uitkyk. Laatmiddag kom die Boeing oor van Kaapstad na Johannesburg.

Vanjaar moes die groentetuin grootliks oorstaan. Die standhoudende Koksfontein vloei nie. As die reën kom, sal die Vaaljapie uit 1956 volgende jaar weer ploeg.

Teen van R120 p.p.p.n. (ontbyt ingesluit) is die Groenhuis 'n ideale oornagplek tussen die Noorde en die Suide. Philippolis, in die Suid-Vrystaat, is in April deur Getaway aangewys as een van sy 15 gunsteling Suid-Afrikaanse dorpies naas onder meer Nieu-Bethesda en Clarens. n

Nog inligting oor die Groenhuis en Philippolis is te kry by http://photos.yahoo.com/groenhuisgastehuis
Om te bespreek skryf aan jensfriis@intekom.co.za of skakel 051-7730073 / 0845810149.